

# Woensdag 19 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 36:27-32

Fokusgedeelte: Jeremia 36:32

## **Geen mens kan God se Woord keer nie**

Jeremia het ongeveer 40 jaar lank as profeet opgetree. In die tyd van koning Jojakim gee hy aan sy skrywer, Barug, die opdrag om sy woorde op te teken op 'n boekrol. Daarna moes Barug dit gaan voorlees. Dit het hy twee keer gedoen, eers in die tempel en daarna voor belangrike amptenare van die koning. Hulle het die boekrol na die koning geneem. Jeremia het dikwels oordeel aangekondig en ook die koning en die volk opgeroep om hulle te bekeer (lees vers 3).

Die koning wou egter nie luister nie, anders as sy pa Josia, wat ewig ontsteld was toe die wetboek wat in die tempel gevind is, aan hom voorgelees is (2 Kon. 22-23). Nadat 'n paar kolomme voorgelees is, het Jojakim dit afgesny en in die kolebak gegooi. Hy wou hom nie bekeer nie, maar het gedink dat hy die profeet se woorde kan uitwis. Hy het nie besef, of wou nie besef, dat Jeremia in opdrag van God opgetree het nie. Hierna moes Jeremia weer sy woorde laat opskryf, en nog meer as tevore. Hierdie was waarskynlik die begin van die boek van Jeremia soos ons dit vandag ken. Die Here het ook die oordeel oor die koning herhaal. Jojakim kon die boekrol verbrand, maar hy kon nie God se oordeel keer nie.

Toe die Woord van God mens geword het, het sy vyande ook nie na Hom geluister nie. Hulle het Hom doodgemaak en gedink dit is sy einde. Hy het egter die dood oorwin. Dit gee ons hoop in al ons omstandighede. Niks kan die voortgang van God se Woord en koninkryk keer nie – en ons kan en moet daarin steeds diensbaar wees.

*Sing: Psalm 33-1:6*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*